Wys my die weg, Here

# In Miga se skoene

## Bybelteks

*Hy het aan jou, mens, bekend gemaak wat goed is: Wat anders eis die HERE van jou as om net te doen wat reg is, om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?*

**– Miga 6:8**

## Kernwaarheid

**Dit gaan nie oor groot dinge wat ons vir God doen nie, maar oor hoe ons leef. God wil hê ons moet doen wat reg is, liefde bewys en nederig die pad saam met Hom loop.**

### WELKOM

Wat verwag of vra God van jou?

### WONDER

- Miga sê God wil hê ons moet doen wat reg is, liefde bewys en nederig die pad saam met hom loop. Wat beteken dit vir jou persoonlik?

- Watter een van hierdie drie is vir jou die grootste uitdaging? Hoekom?

- Hoe sal dit lyk om dit prakties in jou alledaagse lewe, vriendskappe en familie uit te leef?

- Wat is die verskil tussen wat jy dink mense van jou verwag en wat God van jou vra?

## WEES

Dink aan die kleefnotas wat julle in die volgende drie groepe verdeel het: doen wat reg is, bewys liefde en loop die pad nederig saam met God.

- Watter tendense sien jy?

- Watter woorde pas nêrens in nie? Hoekom nie?

- Wat wil jy graag byvoeg?

## WEGSTUUR

Neem die kleefnota wat jy gekies het hierdie week saam met jou en probeer om nederig saam met God te loop.